PREEK
17 Februarie 2008
Ds Freddie Schoeman

Skriflesing: Ou Testament – Deuteronomium 7:7-8

7 "Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal. 8 Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte.

Skriflesing: Nuwe Testament: Lukas 15

Verlede week: die storie van die man wat deur die tier gejaag is – vraag: wat maak dat jy te midde van die 'tier' en die 'afgrond' nog steeds vreugde kan beleef – die goeie kan raaksien en geniet? Die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Waar kry ons hierdie vrede? Van God – Hy gee dit as 'n gawe. ***Hoe*** kry ons daardie vrede? Deur op God se spoor te loop. Die eerste – die belangrikste en vernaamste kenmerk van God se spoor is: <u>*God is lief vir jou*</u>. As ons God se spoor wil volg – is dit die eerste ding wat ons moet raaksien. Kan dit saamvat met die woord GENADE.

ooo---000---ooo---

Ons met vandag hier kenmerk van God se spoor mooi raaksien sodat ons dit kan volg. Begin deur die vraag te vra: wat maak dat ons as mense doen wat ons doen? Wat is ons diepste motiverings? Wat is ons diepste beweegredes?

Op die gevaar af dat ek so 'n bietjie oorvereenvoudig wil ek dit tog waag om te sê dat mense gemotiveer word deur net twee goed: plesier / pyn. Die kan op fisiese en emosionele vlak wees. Emosioneel: ons wil graag goed voel / vermy slegte gevoelens.

- Grootste pyn: verwerping. Daar is niks wat mense so seer maak soos verwerping nie.

- Grootste plesier: aanvaarding. Daar is niks wat ons so goed laat voel soos aanvaarding nie.

Die grootste *vrees*: die vrees vir verwerping. Die grootste *behoefte*: die behoefte aan aanvaarding. (Verskillende vorms van aanvaarding: erkenning; om na waarde geskat te word.; om raakgesien te word.)

Hierdie vrees en hierdie behoefte is die grootste struikelblokke op die pad na die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan. Dit neem ons vrede weg. Op die een of ander manier moet ons vrygemaak word hiervan.

Enigste manier: as hierdie behoefte op 'n baie diep vlak vervul word.

Brug - Net. Neem die vrees weg.

Ons het ook so 'n net nodig. En daardie net is: God se liefde. As ons snap dat God ons liefhet en aanvaar – en dat hierdie liefde en aanvaarding sonder voorwaardes kom! As God ons liefhet – en as sy liefde onveranderlike en onvoorwaardelik is – dan hoef ons nie menslike verwerping te vrees of afhanklik te wees van menslike aanvaarding nie.

Hoe kry ons dit? Ons kan dit nie verdien nie. Daar is niks wat ons kan doen wat gaan maak dat God ons meer liefhet / minder liefhet. Ons dade – ons doen en ons late – maak géén verskil aan die intensiteit van God se liefde vir ons nie.

Dus: kan dit nie verdien nie. Kan dit slegs aanvaar.

Vir baie mense moeilik – hoe? Ons moet weer word soos klein kinders. Aanvaar hulle ouers se liefde as vanselfsprekend. Ja, hulle kom agter dat hulle ouers nie van sekere goed hou nie … maar ten spyte van tydelike onplesierigheid wat volg twyfel kinders net gewoon nie aan die liefde van hulle ouers nie.

Ons moet weer kinders word – om moet weer gebore word. Soos wat klein kinders hulle ouers se liefde aanvaar – so moet ons God se liefde as vanselfsprekend aanvaar.

Snit uit Martian Child.

"There is nothing you can do that will change the way I feel about you." Daar is niks wat ons kan doen wat God se liefde vir ons gaan verander nie. Al haak ons heeltemal uit. Al word ons Sataniste.

Hoe lyk God se aanvaarding? Die verwelkoming van die verlore seun.

Hardloop. Omhels. Ring. Skoene. Partytjie. Sien die prentjie wat Jesus teken!

God se genade is vir sommige onaanvaarbaar. Oudste seun se reaksie: goeie rede. Persmissiwiteit. Geen dissipline. Kan doen wat jy wil. Kom met moorde weg. Dit kan tog nie! Jesus was om die een of ander rede nie bekommerd daaroor nie. Hy het geglo in die veranderende krag van God se liefde. God se liefde verander mense se lewens.

Les Miserables – Victor Hugo

Die verhaal van Jean Valjean.

God se liefde besit 'n krag wat mense se lewens verander. Dissipline besit nie daardie krag nie. Orde en reëls en wette beskik net nie oor daardie krag . Die enigste ding wat mense se lewens verander is God se liefde.

Ek wil jou graag die geleentheid gee om vanoggend God se liefde te aanvaar.